“As ek groot is…”

Karakters:

Stoffel

Wouter

Wysneus

Stoffel : Hallo Wouter, wat is dit daai?

Wouter: Dis my geskiedenis toets.

Stoffel : Oops! Lyk nie of jy baie goed gedoen het in jou geskiedenis toets nie.

Wouter: Ek weet en my Ma gaan my velle aftrek, maar ek kan nie verstaan nie... ek het gedink ek ken al die antwoorde.

Stoffel : Hoe dan so?

Wouter: Soos hierdie vraag: Wat het Mahatma Gandhi en Genghis Khan in gemeen?

Stoffel : Wat sê jy toe?

Wouter: Ek het geskryf hulle het altwee baie snaakse name.

Stoffel : Nee dommie! Dis nie reg nie... hulle was albei Indiese krieketspelers!

Wouter: Is jy seker?

Stoffel : Natuurlik! Ek dop ook my geskiedenis, maar ek ken my krieket.

Wysneus: Hallo julle twee en waaroor gesels julle so lekker?

Stoffel : Hallo Wysneus

Wysneus: Ons praat oor geskiedenis...

Stoffel : En oor krieket.

Wysneus: Maar van die lekker weet ek nie so mooi nie, want ek het my geskiedenis toets gedop.

Wysneus: En het jy daarvoor geleer?

Wouter: Leer...? Wat is dit?

Stoffel : Dis waarmee mens op ‘n huis se dak klim, dommie!

Wysneus: Gin wonder jy het gedop nie! Het jy nie geleer wat in die boek staan nie?

Wouter: Nee... ek het gedink ek sal somer so op algemene kennis deurkom.

Kopiereg: Danie Matthee (2012)

Wysneus: Dit werk nie so nie Wouter. As jy wil deurkom sal jy moet leer.

Stoffel : Nou verstaan ek nie so mooi nie...?

Wysneus: Wat verstaan jy nie Stoffel?

Stoffel : Ek verstaan nie hoekom dit Wouter sal help om deur te kom as hy op die huis se dak klim nie?

Wysneus: Jy't seker ook nie deurgekom nie, nè Stoffel?

Stoffel : Hoe weet jy?

Wysneus: Noem dit 'n educated guess.

Stoffel : 'n Wat se gas?

Wysneus: Sommer niks. Maar wat sê jou ma van jou swak punte, Wouter?

Wouter: Ek het haar liewer nie gesê nie.

Stoffel : Ja, ons het gedink dit sal nie goed wees vir haar gesondheid nie.

Wysneus: Miskien moes julle gedink het, voordat julle besluit het om nie te leer vir julle toets nie.

Stoffel : Ons het nie eintlik so besluit nie... dit het sommer net gebeur.

Wouter: Ja, en nou is ek in groot moeilikheid, want as ek nie deurkom nie kan ek nie hoërskool toe gaan nie en as ek nie hoërskool toe gaan nie eendag universiteit toe gaan nie.

Stoffel : En dan sal sy ma ook nie dat ons Saterdag fliek toe gaan nie.

Wysneus: Ek is bly om te hoor jy wil universiteit toe gaan Wouter, wat wil jy dan word?

Wouter: Ek weet nie, maar ek dink my ma wil hê ek moet 'n brandweerman word.

Wysneus: Hoe dan so?

Wouter: Want sy sê altyd: 'Nou speel jy met vuur mannetjie!'

Wysneus: Ek dink nie dit beteken sy wil hê jy moet 'n brandweerman word nie. Miskien wil sy net hê sy moet so 'n bietjie soeter wees.

Stoffel : Hoekom sê sy dan nie net so nie?

Wysneus: Ek weet nie, maar Stoffel... wat wil jy eendag word?

Stoffel : Groot.

Wysneus: Groot?

Kopiereg: Danie Matthee (2012)

Stoffel : Ja ek wil eendag groot word, sodat die tannies nie meer my kop kan vryf en sê: 'Ag is hy nie te oulik nie.'

Wouter: Groot! Jy kan nie net groot word nie! Jy moet iets word soos 'n dokter of 'n onderwyser of 'n...

Stoffel : Brandweerman?

Wouter: Ja!

Wysneus: Jy is reg Wouter, maar om te wil groot word is dalk nie so 'n slegte idée nie. Het julle geweet Jesus sê Hy wil hê dat al sy kinders geestelik *volwasse* moet word.

Stoffel : Wat se gewasse?

Wysneus: Vol - wasse.

Stoffel : Volwasse...? Is dit soos wanneer my ma sê ons moenie ons klere so vuilmors nie, want die mandjie is al klaar so vol wasgoed?

Wysneus: Nee, Stoffel dit beteken dat die Here wil hê ons moet geestelik groot word. Paulus skryf daaroor in Efesiërs 4...

Wouter: Efesiërs ? Dis mos in die Bybel nè?

Wysneus: Ja Wouter, dis in die Bybel.

Stoffel : Wil Jesus hê ons moet soos reuse wees?!

Wysneus: Wel, Hy gebruik nie die woord reuse nie, maar ek dink dis wat Hy bedoel... dat ons geestelike reuse moet wees.

Wouter: Weet jy wat Wysneus? Ek wil 'n geestelike reus wees.

Stoffel : Ek ook... 'n Yslike groot geestelike reus.

Wysneus: Dan dink ek julle beter gaan leer.

Stoffel : Ja, want as 'n mens op 'n leer klim is jy baie groter. (Af.)

Wysneus: Ai Stoffel, ek sien party het sommer nog 'n lang pad om te gaan. (Af.)

Kopiereg: Danie Matthee (2012)